Verwysing: 20170117-7342
12/2/11/1
Navrae: CJ Banda

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0006/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesseringskoördineerders, Vakadviseurs, Hoofde van Inrigtings met leerders van graad 10 tot 12, Vakhoofde vir Afrikaans en Afrikaans-onderwysers vir graad 10 tot 12

Onderwerp: 2017 LOK-simposium vir onderwysers van Afrikaans Huistaal, Eerste Addisionele Taal en Tweede Addisionele Taal (graad 10 tot 12)

1. Die Letterkundeondesteuningskomitee (LOK) nooi alle Afrikaans-onderwysers vir graad 10 tot 12 na die 2017 Simposium wat op **Vrydag, 17 Februarie 2017** vanaf **15:00 tot 19:00** en **Saterdag, 18 Februarie 2017** vanaf **08:00 tot 14:30** by **Stellenbosch Universiteit** in Stellenbosch gehou sal word.

2. Vanjaar se simposium sal die twintigste LOK-simposium wees. Die hoofdoelwit van die simposium is om die onderrig van letterkunde te ondersteun, maar daar sal ook 'n fokus op ander dissiplines, soos skryf en grammatika, wees.

3. Die simposiumprogram sal op 23 Januarie 2017 op die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se webwerf onder "Curriculum Development", http://www.wcedcurriculum.westerncape.gov.za beskikbaar wees. Kliek op "FET: Further Education and Training", kies "Languages" in aftreklys, kies "Afrikaans", kliek dan op "Downloads" en kies "*Onderwysbronne*".

4. Die registrasiegeld vir die 2017 Simposium is **R150,00** vir onderwysers en **R100,00** vir voltydse leerders. Persone wat belangstel, kan hierdie bedrag in LOK se **Nedbank tjekrekening** nommer **1089131240** deponeer. Tjeks moet aan LOK uitgemaak word. Gebruik asseblief die akroniem "LOK" en die naam van die skool as verwysing wanneer u u registrasiefooi betaal. Afrikaans-vakadviseurs en die Departement van Afrikaans en Nederlands by die Universiteit van Wes-Kaapland sal vir die administratiewe en logistieke reëlings van die LOK-simposium verantwoordelik wees.

5. Deelnemers kan aanlyn via die volgende skakel registreer: https://goo.gl/forms/DAairsqgoahHA2 en die Google-vorm voltooi, of die aangehegte Bylae A voltooi en faks. Bewys van betaling moet, nie later nie as **03 Februarie 2017**, na **me Janine Pekeur** van die **Universiteit van Wes-Kaapland** by **021 959 1249** gefaks word. Me Pekeur kan telefonies by **021 959 2112** of per e-pos by lokfeb2015@gmail.com gekontak word. Ons herinner u om asseblief die akroniem "LOK" en die naam van die skool as verwysing te gebruik.

6. Onderwysers wat 50 km of verder (enkelafstand) na die simposium reis, sal volgens die WKOD se tariewe en prosedures vergoed word. (Kyk Bylae B–D vir eisvorms). **Alle** onderwysers wat reisgeld wil terugeis, word versoek om asseblief die BRS-vorm (Bylae D) by die bank te voltooi. Slegs een voertuig per skool mag reisgeld eis.

7. Ten einde die organiseerders van die LOK-simposium te help, word onderwysers versoek om by die sperdatum vir registrasie te hou. Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle belanghebbendes.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-01-19